Mediaverklaring

1 Oktober 2020

Aankondiging oor vrystelling van staatsgrond vir grondhervorming

Agri SA verwelkom die aankondiging van Minister Thoko Didiza dat 700 000 hektaar staatsgrond vir landbou-doeleindes beskikbaar gestel sal word. Die voorgestelde ondersoek na staatsgrond wat reeds geokkupeer word, word ook verwelkom.

Willem de Chavonnes Vrugt, voorsitter van Agri SA se Grond Sentrum van Uitnemendheid, het gewaarsku dat daar gewaak sal moet word teen korrupsie. Hy het ook gesê dat die keuring van begunstigdes om te verseker dat die grond produktief vir landbou-doeleindes aangewend word, baie belangrik is. “Dit is jammer dat distriksgrondhervormingskomitees waarop georganiseerde landbou ook sitting gehad het, nie meer in plek is nie. Die privaatsektor en georganiseerde landbou kan ‘n baie waardevolle rol speel in die seleksie van begunstigdes en die ondersteuning van sodanige begunstigdes. Agri SA sal graag wil sien dat die distriksgrondkomitees sodanige kundigheid aan boord neem”, het De Chavonnes Vrugt bygevoeg.

Die opsie om te koop, wat aan begunstigdes gebied word, word verwelkom. Die Departement het egter ‘n baie swak baanrekord met die besuur van huurkontrakte. Agri SA neem kennis van die voorneme in die Minister se verklaring om binne 30 dae skriftelike huurkontrakte met begunstigdes aan te gaan. In die verlede het begunstigdes dikwels geen skriftelike huurkontrakte gekry nie. Agri SA is ten gunste van die toekenning van voltitel aan begunstigdes.

Die onderneming dat die grond produktief vir landbou-doeleindes bestuur sal word, is ook positief. De Chavonnes Vrugt het ook gesê.dat landbougrond ‘n skaars hulpbron is en dat dit krities belangrik is dat die beskikbare grond op ’n volhoubare wyse produktief aangewend moet word.

Navrae:
Willem de Chavonnes Vrugt
Voorsitter van Agri SA se Grond Sentrum van Uitnemendheid
(S) 082 946 2302

Annelize Crosby
Hoof van Agri SA se Grond Sentrum van Uitnemendheid
(S) 082 388 0017